# LAERSKOOL MIKRO

*… waar kind nog kind kan wees …*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


17/2022

17 Mei 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Ons het baie veelsydige kinders in ons skool en ons is dankbaar as ouers hul kinders aanmoedig om aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite deel te neem. Dit bly belangrik vir 'n kind se holistiese ontwikkeling. Indien u kind nog nie aan ten minste een wintersport (hokkie, rugby, netbal) deelneem nie en ook nie aan enige ander sport en/of kultuuraktiwiteit deelneem nie, kan u gerus by sy/haar klasonderwyser hoor watter geleenthede daar vir u kind is. Ons vind ook dat 'n betrokke kind 'n gelukkige kind is.

Komende Saterdag, 21 Mei 2022, neem baie van ons kinders aan 'n sportdag teen Laerskool Beaumont in Somerset-Wes deel. Ons versoek dat u asb. ons spanne sal kom ondersteun en dat ons almal (ouers, personeel en spelers) ons skool se naam langs die baan/veld sal hoog hou met goeie gedrag, sportmangees en positiewe opmerkings teenoor skeidsregters en afrigters. Langs die veld/baan is nie die regte plek vir afbrekende en kritiese kommentaar wat verhoudinge tussen die twee skole, skade kan berokken nie. Ons maak staat op almal se lojaliteit in dié verband.



Ons wil graag vir Juf. Kyla Orton (5.4) met haar verlowing gelukwens en wens vir haar alle voorspoed toe.



Juf. Christine Lamprecht (1.2) het aangekondig dat sy haar tweede baba verwag. Ons wens vir haar 'n gesonde swangerskap toe.

## 2. LEERDERRAAD LIEFDADIGHEIDSPROJEK: BELLA'S GUARDIAN ANGELS

Die leerderraad gaan hierdie kwartaal 'n projek loods om BELLA'S GUARDIAN ANGELS in Joostenberg Vlakte te ondersteun. Hierdie nie-winsgewende organisasie red hawelose en weesgelate honde en katte. Ons wil hulle graag ondersteun deur noodsaaklike items vir hierdie organisasie in te samel.

Daar sal verskeie bokse in die portaal tussen die Graad 7- en Graad 4-vierkant geplaas word. Die leerders kan die items aan die begin van die dag daarheen neem en in die korrekte boks plaas. Die bokse sal geseël wees. Sodoende sal die items nie weer uitgehaal kan word nie.

Die produkte is as volg:

- Boks 1: Skoonmaakmiddels (swartsakke, "Handy Andy", seep, waspoeier)
- Boks 2: Koerantpapier, ou komberse
- Boks 3: Pamper katkos (blikkies) of blikkies hondekos
- Boks 4: Ou dierespeelgoed

As daar ouers is wat 'n kontantbydrae wil maak, kan die geld in `n koevert gemerk **BELLA'S** aan Juf. Kyla Orton (Gr.5.4) gestuur word, sodat die leerderraad produkte daarmee kan aankoop vir Bella's.

Baie dankie vir u liefde en omgee t.o.v. hierdie goeie saak!

## 3. KOS @ MIKRO

`n Reuse dankie aan elke ouer wat sy/haar "tyd" opgeoffer het om van die eerste KOS@MIKRO van die jaar op 23 April 2022 `n groot sukses te maak. Sonder u ondersteuning en hulp sou dit nie moontlik gewees het nie.

KOS@MIKRO het die afgelope jare verskeie bydraes t.o.v. van die bevordering van sport- en kultuurbedrywighede gemaak. Ons wil graag hierdie suksesvolle aksie voortsit en in die proses ook ouerbetrokkenheid bevorder. Ons het egter elke ouer se hulp nodig en het besluit om spesifieke grade aan `n spesifieke sportdag te koppel. Raak asb. deel van Mikro se span en bied u hulp aan!!

***"SPANWERK VERDEEL DIE WERK EN VERDUBBEL DIE SUKSES"***
***ANONIEM***

KOS@MIKRO - Datums: 2022

| Datum | Sportdag | Graad/grade verantwoordelik vir verkope |
|---|---|---|
| Derde Kwartaal | | |
| 13 Augustus | Fees 50 Sportdag | Gr.2 en Gr.3 |
| 27 Augustus | Hartenbos Sportdag | Gr. 4 en Gr. 5 |
| 3 September | Elto Towers – 7's Rugby/Netbal | Gr. 6 en Gr. 7 |
| Vierde Kwartaal | | |
| 5 November | KFC Mini-krieket | Gr. R tot Gr. 7 |

Indien u belangstel om betrokke te raak by Kos@Mikro, stuur gerus 'n e-pos na dtaljaard@laerskoolmikro.co.za.

## 4. GELUKWENSINGS

Netbal: Baie geluk aan ZARAH DYSSEL (gr. 5) wat in dié o.11 W.P. netbalspan opgeneem is. Sy gaan tydens 14-16 Julie 2022 die span in Wellington tydens die Wes-Kaap inter-distrik toernooi verteenwoordig.

ATKV-redenaarskompetisie:

Nege van ons skool se redenaarsleerders het op Saterdag, 7 Mei 2022, by Hoërskool Jan van Riebeeck aan die eerste rondte van die landswye kompetisie deelgeneem. Elkeen het met die nodige selfvertroue hul toespraak gelewer. Om 'n oorredende, dog boeiende toespraak te kan lewer, kan baie uitdagend wees. Hierdie redenaars was verseker trotse ambassadeurs van ons skool.

Baie geluk aan ZOÉ BOER en MICKEY MULLER wat deurgedring het na die semi-finale rondte wat op Woensdag, 18 Mei 2022 by Hoërskool Bellville plaasvind. Sterkte aan albei van hulle.

## 5. LOOTJIES

**VERKOOP JOU MAURITIUS-BOEKIE EN SIEN UIT NA VELE VERRASSINGS!!!!**




- Klasse wat die meeste boekies verkoop, gaan maandeliks (31 Mei en 21 Junie) beloon word met `n spesiale Civviedag! Die klas kies self die dag!!
- Klas wat teen 29 Julie 2022 die meeste kaartjies verkoop het, gaan op `n daguitstappie (VERRASSING) saam met hul opvoeder en mnr. Mouton.
- Vir die kind wat die meeste kaartjies verkoop, wag daar `n opwindende verrassing!!!

**SPRING VINNIG EN GAAN WOEKER MET JULLE KAARTJIES!!!**

## 6. FEES 50 AANDENKINGS

Te koop by die skool.

**BETALING**
**Betalings kan as volg geskied:**

**EFT:** Stuur bewys van betaling (**harde kopie**) skool toe as bewys van betaling + strokie
**KARRI:** Betalings kan dwarsdeur die jaar gedoen word - stuur strokie skool toe
**KONTANT:** Stuur die korrekte bedrag in `n gemerkte koevert + strokie

Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**


VUMA

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY: coolideas FIBRE INTERNET

Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za

***Kontant Terug Persentasies***

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

ELTO TOWERS LOJALITEITS KAART

OK Foods OK Liquor KROONPLAAS PATRIOT COFFEE CARESSO CALTEX